# Lesing 05.06.2018 - DEEL 21 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

**Wysheid van Sirag 24:1** DIE **Wysheid** prys Haarself en te midde van **Haar volk** word Sy geëer.

Sir 24:2 In die **vergadering van die Hoogste El** open Sy Haar mond en voor SY leërskare word Sy verhoog.

4 In die hoogtes het Ek alleen gewoon, en **My Troon was in die Wolkkolom.**

Sir 24:10 In die **Tabernakel van Apaeid** het Ek voor HOM gedien en so was Ek in **Sion** gevestig.

Sir 24:11 In die **geliefde Stad** het Ek, wat My betref, gerus, en in **Jerusalem** was My heerskappy.

Sir 24:12 En Ek het wortel geskiet onder **'n geëerde volk**, onder die deel van JaHWeH [en] van **Sy erfenis**.

Sir 24:18 **<u>Ek is die Moeder van regverdige Liefde, en Vrees, en Kennis, en die Belofte van Apaeid: Daarom is Ek, wat vir ewig bestaan, gegee aan al My kinders wat na Hom genoem is.</u>**

Sir 24:19 **Kom na My toe**, julle wat My begeer, en versadig julle met My opbrengs.

Sir 24:20 Want My gedagtenis is soeter as **heuning**, en My Erfenis as 'n heuningkoek.

Sir 24:23 Al hierdie dinge is die Boek **van die Verbond van Elohim,** die Hoogste El, **die Wet** wat Moshè Ons beveel het as 'n **Erfdeel vir die vergadering van Jakob**. [Exodus 24:7]

Sir 24:24 Moenie beskaam om sterk te wees in JaHWeH nie sodat Hy jou mag aanneem; **kleef aan Hom**, want die Almagtige JaHWeH is El alleen en naas Hom is daar geen Verlosser nie.

**Maleagi 2:10:** Het Ons nie almal een Vader nie? Het een El Ons nie geskape nie? Waarom handel Ons dan verraderlik met mekaar, deur **die Verbond van Ons vaders te besoedel?**

Mal 2:11 JeHûWdah het verraderlik gehandel, en 'n gruwel is in JisraEl en in Jerusalem gepleeg; want **JeHûWdah het die Apaeid van JaHWeH, wat Hy liefhet, vermeng**, en hy is besitter van die **dogter van 'n volksvreemde god.** [JirmeJaH 3:8]

**[Jeremia 3:8** En Ek het gesien die oorsaak van die **terugval** van JisraEl was die **vermenging**, Ek het haar **weggestuur** en aan haar 'n **brief van afsnyding** gegee, dat die verraderlike, haar suster **JeHûWdah**, nie bevrees was nie, maar gegaan en **ook self gehoereer** het.]

Mal 2:14 En julle vra: Waarom? Omdat JaHWeH getuie is tussen jou en **die Vrou van jou jeug wie jy verraai het,** terwyl sy tog jou metgesel is en die **Vrou van jou Verbond.**

Mal 2:15 Het Hy dan nie een [adamiet] gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? **Hy het 'n saadlyn van Elohim gesoek**. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en **verraai nie die Vrou van jou jeug nie.** [Génesis 1:27]

Mal 2:16 Want **Ek haat om weg te stuur**, sê JaHWeH, die Elohey van JisraEl, en dat elkeen sy kleed met geweldpleging bedek, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag. Neem julle dan in ag **ter wille van julle gees** en pleeg nie verraad nie.

**Makkabeers 2:4** Verder staan nog beskrywe dat die profeet op grond van 'n openbaring opdrag gegee het om met die **Tabernakel en die Ark** agter hom te volg; dat hy na die berg gegaan het waarop Moshè geklim en vanwaar hy die Erfdeel van sy Elohey gesien het.

2Ma 2:5 Dat JirmeJaHûW op daardie tog '**n grot** gekry het, waarin hy die Tabernakel en die Ark en die altaar gebring het, en dat hy die **ingang daarvan toegemaak** het.

2Ma 2:6 En toe sommige metgeselle van hom uitgegaan het om die pad in hulle geheue vas te lê, kon hulle dit nie vind nie.

2Ma 2:7 Toe JirmeJaHûW dit verneem het, het hy hulle berispe en gesê: **Die plek moet onbekend bly**, totdat Elohim die volk weer sal versamel en ons barmhartig sal wees.

2Ma 2:8 Dan sal JaHWeH hierdie dinge aanwys, en die **Glansrykheid van JaHWeH sal in die Wolkkolom verskyn**, soos dit in die dae van Moshè gesien is en in die dae van Salomo, toe hy gebid het dat die plek op grootse wyse gewy sou word.

## Jeug van JaHshua

**16 [1]** En die vrou het hiermee ingestem en Josef na die grot gevolg; maar toe hulle naby die grot gekom het, is **die grot plotseling in `n digte wit wolk omhul,** sodat hulle nie die ingang kon vind nie.

[7] Na hierdie woorde van die vroedvrou het die wolk dadelik van die grot teruggewyk en `n **geweldige lig vanuit die grot** het die vroedvrou en Josef tegemoet gekom sodat hulle oë nie in staat was om dit te verdra nie en die vroedvrou het gesê: "Alles is dus waar, wat ek in die visioen gesien het! O man, gelukkige, hier is **meer as Abraham, Isak, Jakob, Moses en EliJaH**!"

[8] Na hierdie woorde het die sterk lig geleidelik begin draagliker word en die **Kindjie het sigbaar geword** toe Hy juis vir die eerste maal die bors van Sy moeder geneem het.

[Staan ook in Oer-evangelie van Jakobus 19:2]